# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 23




## Gans Familie

## Ek kan teks Lees

**"Die liefde vergaan nooit nie" — 1 Korintiërs 13:8**

## My Storie

Jeremy kyk uit die venster van die bussie en sien 'n vreemde gesig. Net voor hulle, naby die dam, sien hulle 'n groot Kanadese gans regop en hoog staan reg in die middel van die pad. "Kyk net daar!" Het pa gesê na hy sy voet van die versneller afhaal en die rem pedaal trap, wat die bussie tot stilstand bring. "Hoekom is die gans in die middel van die pad? En waarom beweeg hy nie weg nie? Ek is seker hy sien ons. "Skielik stap 'n ander gans uit die lang grasse en begin oor die pad stap tot agter die eerste gans. Dit is dadelik gevolg deur 'n lyn van baba ganse, wat almal struikel en in mekaar vas stamp terwyl hulle probeer om pas te hou met hulle leier. 'Nou weet ek hoekom daardie groot gans daar staan,' sê Pa met 'n glimlag. "Hy is die pappa. En dis sy familie agter hom. Hy staan in die pad sodat die ma gans en al die baba ganse veilig oor die pad kan kom.



Is dit nie wonderlik nie? Jeremy het geknik. "Dink net," het hy gesê. "Daardie pappa gans, wat baie kleiner is as ons motor, staan daar en beskerm sy familie. Hy is baie dapper!" Soos die groep ganse hulle reis oor die pad voortgesit het, het Pa ernstig geword. "Hy is meer as net dapper," het Pa gesê. 'Hy is verlief.'
'Verlief?' Het Jeremy gevra. "Hoe kan 'n gans verlief wees?"
Pa wys. "Die gans is net so lief vir sy familie soos wat ek vir myne is.
En ons het albei by dieselfde God geleer hoe om mekaar lief te hê. Satan wil hê ons moet mense haat - om hulle seer en hartseer te maak. Maar wanneer ons elkeen ander beskerm en versorg, wys ons ware liefde wat kragtiger as haat is."
Teen hierdie tyd was al die baba ganse en die ma-gans veilig oor die pad. Die groot pappa-gans het gewag tot sy familie in die lang grasse weggesteek is, en toe draai hy en stap agter hulle aan, en die pad was weer oop.
"Wow!" Het Jeremy gesê. "Dit was ongelooflik. Daardie pa het nooit sy plek in die pad opgegee nie, alhoewel ons groot, swaar bussie reguit na hom toe gery het. Hy was bereid om te sterf om sy familie te beskerm." Soos Pa op die versnel pedaal trap, het hy versigtig die bussie van die pad af laat ry verby die dam, en vir Jeremy geglimlag. "Die gesin is deur God geskep om die mees kragtigste ding op hierdie aarde te wees. Wanneer 'n man met 'n vrou trou, belowe God om hulle te help om enige probleme wat hulle ondervind op te los. Hy sal hulle sterk en dapper maak omdat hulle liefde met mekaar deel en met hulle kinders. Daardie ganse het ons net gewys hoe kragtig daardie liefde is. Moet nooit ooit vergeet wat jy vandag hier gesien het nie, Jeremy. Jy het God se liefde in aksie gesien. Jy het 'n familie gesien wat afhanklik is van daardie liefde om hulle veilig te kry aan die ander kant van die pad. "Toe Jeremy en sy Pa by die huis kom, het Moeder uitgekom om hulle te groet. "Hi ouens," het sy gesê. "Het julle 'n goeie reis gehad?"
'**Kwak, kwak**,' sê Jeremy met 'n glimlag. Pa het gelag toe hy sy vrou in sy arms neem. "Ek sal dit later verduidelik. Maar laat ek eers vir my gunsteling ma-gans 'n groot groot drukkie gee."

# My Bybel Avonture

Wat sê Jesus gebeur wanneer 'n man met 'n vrou trou? Soek die **LETTER BANK** in die **BIBLIOTEEK** en skryf die woorde van Jesus hieronder. Maak seker dat jy die aanwysings noukeurig volg.

**Jesus se woorde oor die huwelik #1**- Begin met die letter in die **LETTER BANK** direk onder die swart pyltjie, en kies dan elke ander letter na daardie een. Skryf hulle hier neer om die woorde van Jesus te voltooi. Die eerste drie letters is klaar ingevul vir jou.

**“DAA ___ ___ _ ___ __ _____**
**__ ______ ________ __**
**____ ___ __ ____ ____**
**__ _____ ____ ___**
**___ ____” (Markus 10:7).**


**Jesus se woorde oor die huwelik #2**- Begin met die letters in die **LETTER BANK** direk onder die wit pyl, en kies dan elke ander letter na daardie een. Skryf hulle hier neer om die woorde van Jesus te voltooi. Die eerste drie letters is klaar ingevul vir jou.

**“WAT ___ ___ __________**
**___, ___ _ ____ ___**
**____ ___“(Markus 10:9).**

## Pret Feite

***GANSE***

*• Die vroulike gans lê een eier elke dag tot 'n volle nes van ongeveer vyf eiers oorbly.*



(wit huishoudelike gans)



***Vlieënde styl:***
*GANSE VLIEG ALTYD IN DIE VORM VAN 'N “V.”*

## My Gebed

**Dankie, Jesus, vir die skep van die huwelik en gesinne. Dankie dat U liefde gemaak het wat huwelike en gesinne help, sterker en sterker groei elke dag. Amen.**

## Biblioteek

### LETTER BANK

D W A A A T R G O O M D S S A A L A N M M G A E N V S O

Y E V G A H D E E T R M E A N G M N O M E E D N E S R N V

I E E R S L K A E A I T N E I N E M I E E T S S A Y L V T R S O

Y U V K R E O W U E L E E N W H E U E L N L H E U T L W L E

T E W S E A E L S E A E L N E W E E N E W S E C E Y S

## My Vriend Ellen Skryf

***"Christelike hoflikheid is die goue sleutel wat die lede van die familie in die bande van liefde hou, wat elke dag stewiger en sterker word"(The Adventist Home, bl. 423).***

Die woord hoflikheid beteken “vriendelikheid.” Liefde is altyd vriendelik.

### muntstuk vir jou gedagtes

**Wat is van die maniere wat jy vriendelikheid kan wys aan lede van jou familie?**